

KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 139 29 Junie 2018

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings



REDAKSIONEEL

TROU

Jan F.E. Celliers

Ek hou van 'n man wat sy man kan staan,
ek hou van 'n arm wat 'n slag kan slaan,
'n oog wat nie wyk, wat 'n bars kan kyk
en 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan!
Ek hou van 'n man wat sy moeder eer,
in die taal uit haar vrome mond geleer,
die verraaiersgeslag in sy siel verag
wat, haar verstotend, homself kleiner.
Die oog wil ek sien wat 'n traan nog ween
vir 'n heldegeslag, in hul rus daarheen,
maar 'n blits van trou in die traan van rou,
wat aan liefde weer gee wat haar bron is ontleen.
Vir my d'Afrikaner van durf en daad,
wat Mammon's eer en loon versmaad,
sy hoof en sy hand vir sy volk en sy land
en 'n trap van sy voet vir laag verraad!
O, 'k hou van 'n man wat sy man kan staan;
ek hou van 'n daad wat soos donder slaan,
'n oog wat nie wyk, wat 'n bars kan kyk
en 'n wil wat so vas soos 'n klipsteen staan!

Die Saterdagoggend toe Eugene Terreblanche so vernederend vermoor is, is ek haastig in dorp toe en hier voor my, teen 'n stylte, ry 'n ou teen 'n slakkepas in die vinnige baan. Ek gooi vir hom ligte: "kan jy nie sien ek's haastig nie", hy wys vir my tekens: "kan jy nie sien ek gaan 'n kar verby nie", en net daar is die gort gaar. Ek wys vir

hom: "trek af", hy beduie die "die saak is reg". Ek kom in 'n stofwolk tot stilstand op die skouer van die pad en hy kom stop nogal ewe braaf hier voor my, maar hy bly sit in sy kar. Ek pluk my deur oop, storm op die vent af en dink "vandag gaan ek jou die vinnigste verkeersles gee wat jy nog gehad het". Terwyl ek so na hom toe storm, speel hierdie prentjie voor my af: Twee boer seuntjies wat mekaar stoei in die stof langs die pad terwyl almal wat daar verbyry die spektakel sien. Ek was nie regtig 'n groot oom Eugene ondersteuner nie, maar dit was nogal 'n groot vernedering vir my hoe hy vermoor is ... en hier wil ek en hierdie ou mekaar langs die pad pak. Ek het so skaam gekry. Ek weet nie wat ek vir hom gesê het toe ek sy deur oop gepluk het nie, maar dit was iets oor oom Eugene se dood en ons Afrikaner volkie teen mekaar. Ek kan wel onthou dat hy daarna my hand hartlik geskud het en dat ek toe maar eerder in my kar geklim en gery het, voordat hierdie vreemde man my nog om die hals val hier langs die pad. Ons wil mekaar aan die keel gryp oor 'n saak soos verkeerd ry, maar langs ons sterf 'n broer 'n veragte vernederende dood. Die omstandighede is so die afgelope tyd – stakings, onluste, opstande, vernietiging orals. Ons ry maar ompaai om iewers uit te kom. Ons sien hoedat daar geplunder

word, ons is bewus hoe daar grond beset word, daar word gepraat van grondvat, van eiendomme vervreem. Die ding wat my die meeste pla, is die wrede maar doelgerigte moorde op gesinne en families – iewers, alleen daardie nag, op hul plaas – net om ‘n selfoon, ‘n geldjie, ‘n wapen en ‘n TV te steel. Nee, ons is nie bang nie, ook nie negatief nie. Maar met die goed wat so rondom ons gebeur, moet ons nie ook iets sê nie – veral vir mekäär iets sê nie.

Ek’t eendag van die Straatpredikant gelees: Ek gaan nie teem of kla oor ‘n ander ma se kinders nie, maar ek dink vanaand aan die “manne” ... en ek het begin bid, moenie ‘n fout maak nie, ek bid baie (want ek’s immers ‘n predikant), maar ek’t begin bid vir ‘n kerk vol van manne, sulke manne waarvan oorle oom Jan FE Celliers gedig het. Manne wat met ‘n kyk jou mond snoer, wat met ‘n handdruk sy lewe sal gee. ‘n Man van sy “ja” en ‘n man van sy “nee”.

Manne wie se siel geroer kan word deur die Genade van God, maar wat nie ‘n duim sal wegbeweeg van sy beginsels, geloof en norme nie. Ek soek manne wat jy nog agter jou rug kan vertrou, met ‘n skerp ding in die hand Ek soek manne met die brandende lig van ‘n visie in sy oë met ‘n ferm trek om sy mond, wat gebore is uit die voorneme om hierdie visie te volg. Ek soek ‘n kerk vol manne wat die aarde laat beef met die vasberadenheid van hul aanbidding.

Manne wat kan saamstem, manne wat kan saamstaan; al stem hulle nie altyd saam nie. Maar oor die groot Waarheid, moet ons altyd kan saamstem. Manne wat net met ‘n handdruk ‘n kontrak kan sluit ... wat altyd by sy woord staan. Manne wat altyd die waarheid sal praat; al maak dit hom skaam. Manne wat kan erken dat hy verkeerd was. Manne wat nie onmiddellik aanval as hy van

jou verskil nie, maar eers kan luister dan deurdink, voor hy praat.

My siel verlang na broers wat soos ankerpale saam met my kan staan, te midde van ‘n stormsee van kompromieë, eiewaan en selfsug.

Ek soek manne wat die samelewing wil verander en kan verander.

Ek soek die manne vol leeuemoed en hande wat bou en nie breek nie.

Ek bid en vra: "Maak my so ‘n man, o Heer, en gee my dan sulke broers weerskante van my. Maak ons dan 300, en dan o Heer, lei U ons."

Ds Louis Alberts - Koster

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

BONDSVERGADERING

Die jaarlikse Bondsvergadering vind hierdie jaar te Pietersburg plaas van 2-4 September 2018. Die Bond se dames kom op 3 September 2018 byeen. Korrespondensie in die verband sal eersdaags uitgestuur word..

GELOOFSBONDPREKE

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na <http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook weekliks nuwe preke op **whatsapp** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

BYBELVASVRAE 2018

Sewe Bondsgemeentes neem deel tot in die finale rondte op 3 Junie 2018. Uit hierdie gemeentes skryf daar ‘n totaal van 16 spanne in, verdeel in 3 kategorieë naamlik Laerskool, Hoërskool en Ope kategorieë. Die Bybelvasvra is, soos elke jaar, baie

positief deur die gemeentes ontvang en hierdie jaar is die algemene Bybelkennis ook 'n bietjie getoets. Baie dankie aan al die gemeentes en spanne wat deelgeneem het en baie geluk aan die wenners in elke kategorie. Ons maak volgende jaar weer so. Die wenners in die onderskeie kategorieë is soos volg:

Ope afdeling

1	Grootvlei	98
2	Theresapark	94
3	Premieryn	90

Hoërskole afdeling

1	Vrede Doringbos	90
2	Koster	72
3	Grootvlei	50

Laerskole Afdeling

1	Vrede Die Boere	98
2	Grootvlei / Theresapark	78
3	Koster Kleinspan	53

LEWENSBROD 2019-2020

Daar word ywerig geskryf aan die dagstukkies vir ons volgende Lewensbrood. Die instuurdatum is om die draai. Intussen ontvang die Redaksie gereeld boodskappe waarin dank en waardering oorgedra word ten opsigte van die dagstukkies in die 2018-

2019 uitgawe. Op ons beurt - ons dank aan al die toegewyde predikante wat tyd ingeruim het om te skryf.

OORNAG FASILITEITE

Villa Stoney B+B


Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar
in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by
Villa Stoney
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en
besprekings 0829082831
auri@mweb.co.za.

DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com



Die Memorandum van die Volksraad bevat 'n bondige uiteensetting van ons volksgeskiedenis vanaf 1652 tot en met 2016; o.a.:

- Die wettige wyses waarop ons grond verkry is
- Kaarte van 13 voormalige Boere-Republieke
- Die feite rakende Britse onderdrukking
- Uitgawes op Swartes en verdere statistiek tydens Apartheid
- Die feite en statistiek rakende ons onderdrukking onder die ANC

Bestel vandag jou kopie by Chantal: tel. 079 740 7214 of chantal.kruger@vvk.co.za